

Prediking in die stadsgemeente*

HJC PIETERSE

1. INLEIDING

Met hierdie tema is ons onmiddellik midde in die kontemporêre diskussie en ontwikkelinge in die hedendaagse prediking. Prediking is 'n tipiese fenomeen van die Christelike geloof. Die opdrag om te preek is deur die Here, Jesus Christus, self gegee (Matt 28:18–20; Mark 16:15–18; Luk 24:46–48; Joh 20:21). Dit word uitdruklik weer herhaal in Hand 1:8. Onmiddellik na die uitstorting van die Heilige Gees neem die Christelike prediking dan ook met alle mag 'n aanvang. Uit die formulering van die opdrag blyk duidelik dat dit 'n opdrag tot mondelinge verkondiging was. In hierdie styl het dit deur die eeue tot op vandag geskied.

Die prediker gaan in sy eie woorde oor wat hy in die Skrif gevind het die gemeente tegemoet in die erediens. Die gemeente verwag in die erediens gewoonlik om 'n boodskap van God te hoor. Hulle wil in die woorde van die prediker God se boodskap vir hul eie lewe verneem. Uit hierdie situasie blyk dat die prediker tussen twee pole staan. Hy moet uit die Bybel 'n Woord van God haal – dit is die een pool, die teks – en in sy eie woorde hierdie Woord aan die gemeente in hul eie taal en konkrete situasie verkondig – dit is die ander pool, die situasie van die gemeente. Prediking is dus 'n handeling deur die prediker waarin hy met twee pole te make het: die Woord van God wat die gemeente wil aanspreek, en die situasie van die gemeente. In hierdie proses is God deur sy Woord, die prediker, en die gemeente ten nouste betrokke. Tussen teks en konteks, met die prediker as hermeneut en intermediêr, speel die preekgebeure hom af.

Ons gaan eers 'n kort analise gee van die komplekse gedifferensieerdheid van die gemeente in die stad wat na 'n preek luister en dan 'n kort skets gee van die preekproses, naamlik van die verstaan van die teks en die verwoording van die boodskap met die oog op goeie kommunikasie. Ek sluit dan af met positiewe moontlikhede van gesprekke tussen prediker en gemeente as 'n middel waardeur die kommunikasie verbeter kan word.

* Referaat gelewer tydens 'n byeenkoms *Kerk en Universiteit* by die Randse Afrikaanse Universiteit.

2. DIE STADSGEMEENSAP IS 'N GEDIFFERENSIEERDE GEMEENSAP

In die stad tref ons deesdae 'n komplekse en veelvoudige nuansering aan wat opvattinge, lewenstyl, taaluitdrukking en waardes en norme betref. Vanweë die differensiering, hoofsaaklik in die veelvormigheid van beroepe, bestaan daar 'n pluraliteit onder Afrikaanssprekendes. Ek gebruik die begrip pluraliteit nie in politieke, maar in sosiologiese betekenis. Pluraliteit verwys na die verskillende lewenstyle, opvattinge, jargon, waardes en norme wat in 'n gemeenskap onder gedifferensieerde groepe mense voorkom. Hierdie pluraliteit het natuurlik ook sy neerslag in die kerk. Dit kom in een kerkgenootskap en selfs in een gemeente voor.

'n Mens kan nie meer in Pretoria dieselfde preek in Lynnwood, in Villieria, in die middestad en in Danville hou met optimale sukses nie. Jy sal waarskynlik net doeltreffend kommunikeer en daarin slaag om die denk- en probleemwêreld met die evangelie te betree in dié voorstad waar jou eie opvattinge, taal- en denkwêreld ooreenkom met die van die mense – waarskynlik omdat jyself in so 'n groep gesosialiseer is. Die nuanses van wat met 'n begrip bedoel word, is so fyn dat 'n mens dit skaars agterkom. Maar juis dít kan die kommunikasie so laat skipbreuk ly, omdat prediker en hoorder dink dat hul mekaar verstaan. Hierdie differensiasie is met verskeie wetenskaplike ondersoeke bewys. Ek verwys net na enkele.

2.1 Verskille ten opsigte van geloof en kennis, ritueel en belewenis onder lidmate van die Ned. Geref. Kerk

CJ Alant het in 1972 in die middestad van Pretoria in verskeie NG gemeentes 'n ondersoek na bogenoemde onderneem¹. Alant het die opvattinge en belewenis van lidmate in die kerk ondersoek. Hy het die ondersoekgroep in drie strata verdeel: professioneel-beherende mense, dit wil sê persone wat in hulle beroep deel het aan beleidsbepaling; gegradueerdes, dit wil sê persone wat nie in die eerste kategorie val nie, maar 'n akademiese opleiding van minstens drie jaar suksesvol voltooi het; en 'n nie-akademiese groep, dit wil sê diegene wat hoërskoolopleiding met of sonder bykomstige nie-akademiese kwalifikasies het.

Sy bevindinge het aangetoon dat daar 'n sekere patroon te bespeur is wat nogal beduidend verskil tussen die professioneel-beherendes, die gegradueerdes en die nie-akademiese groep. Wat die leerstellinge van die kerk betref, soos bv. onwrikbare geloof in die godheid van Christus, onwrikbare geloof in die maagdelike geboorte van Christus en onwrikbare geloof in die erfsonde – het hy gevind dat die nie-gegradueerdes die kerk se leer die meeste onderskryf, die gegradueerdes teen 'n skaal van ongeveer 70% dit onderskryf, terwyl

die professioneel-beherende groep al heelwat minder as die vorige twee groepe dit onderskryf.

Ook wat ritueel aanbetref, is daar dieselfde patroon. Vrae soos byvoorbeeld om Sondag kerk toe te gaan, is absoluut onontbeerlik; om nagmaal te gebruik, is absoluut onontbeerlik en ek is altyd bewus van God se teenwoordigheid in die erediens, is gevra. Ook wat waardes en norme aanbetref, was daar dieselfde skaal.

Daar is dus telkens verskil in opvatting tussen die sosio-ekonomiese groepe en dit volg min of meer dieselfde patroon. Die "boonste" groep mense glo nie meer presies soos die kerk glo nie, terwyl die "onderste" groep veel meer so glo. Daar sal dus ook verskille in die opvatting van die prediker self en hierdie groepe wees. Wie nie van hierdie verskille bewus is en dit in ag neem nie, sal êrens diskommunikasie in sy gemeente ondervind.

2.2 Verskille in die vryetydse leesgedrag van Afrikaanssprekende volwassenes in Johannesburg

Ek verwys na nog 'n ondersoek wat hierdie differensiasie uitwys, naamlik dié van B Fouché aan die begin van die sewentigerjare vir 'n proefskrif aan die Randse Afrikaanse Universiteit². Hy het gewerk met hoë, middel en lae beroepstatusgroepe. Sy hipotese was dat spesifieke aspekte van vryetydse leesgedrag wat met maatskaplike status verband hou, onder andere insluit die hoeveelheid wat daar gelees word, asook die inhoud (verskeidenheid sowel as gehalte) van die lektuur, die relatiewe gebruik van verskillende lektuurverspreidingskanale (die plekke waar boeke gekoop of uitgeneem word).

Fouché het vasgestel dat die hoër statusgroepe beduidend meer vrye tyd aan lees bestee as die laer statusgroepe. Hy het verder vasgestel dat daar ook 'n verskil is tussen die statusgroepe ten opsigte van die lees van populêre verhaallektuur, goeie verhaallektuur en literêre werke. Die hoogste en middelste statusgroepe lees veel meer goeie verhaallektuur as die onderste statusgroep – 'n verskil van ongeveer 24%. Daar is ook 'n verskil tussen die plekke waar die lektuur verkry word. Die plekke gee 'n aanduiding van die gehalte van die lektuur. Hy het gevind dat die lees van letterkunde, kennislektuur, populêre verhaallektuur, hardebandboeke, koerante, en die gebruik van openbare biblioteke en boekwinkels positief verband hou met die hoër en middelste beroepstatusgroepe. Daarteenoor hou die lees van fotoverhale, verhaallektuur en massalektuur, en die gebruik van boekstalletjies/kafees en in mindere mate die "Book exchange" as vernaamste bronne van lektuur, weer positief verband met die laer beroepstatusgroep.

Dit blyk uit die bevindinge hierbo dat mense (ons mense) verskil

ten opsigte van wat hulle lees. Wat mense lees, vorm hul konsepte, hul denk- en begripswêreld. Die prediker mag dalk dinge veronderstel waarvan die gemeente sou kennis dra, en dan is dit nie die geval nie. Aan die ander kant kan hy dalk uitvoerig sake uitspel wat die gemeente weer sal verveel. Die wyse waarop mense formuleer en hul taal en begrippe aanwend, hang ook ten nouste saam met wat hulle lees.

2.3 Verskille in taalgebruik

Dit bring ons by die taalprobleem. Taal word hier gebruik in die betekenis van begrippe, terminologie en uitdrukkingswyse. Om goed te kommunikeer moet die prediker vertrouwd wees met die denk-, taal- en begripswêreld van sy hoorders en daarvolgens met hulle praat. Taal beteken dus hier die wyse waarop mense hulle uitdruk en die sake waarmee hulle hul veral besig hou en waarvoor hulle woorde en begrippe gebruik. In die stad is daar vandag 'n duisternis beroepe. Onderzoek het aan die lig gebring dat mense vandag 'n groot en helder woordeskat ten opsigte van hul beroepswêreld het. Op ander terreine is hul woordeskat egter beperk en is die begrippe vir hulle vaag. Dus, mense wat met 'n sekere ding besig is, soos byvoorbeeld 'n sekere ambag of profesie, se woordeskat wat daarop betrekking het, is helder en uitgebreid, terwyl hulle woordeskat wat betrekking het op dinge waarmee hulle nie elke dag besig is nie (wat nie in hul leef- en denkwêreld voorkom nie), vaag is.

Die prediker sal dus tuis moet wees in die omgangstaal van die groepe waaronder hy werk. Begrippe wat nie meer in die omgangstaal gebruik word nie, sal nie sommer so in die preek aangewend kan word nie. Die prediker sal dit telkens moet omskryf. Dit is woorde soos "saligheid", "geregtigheid", "soenverdienste", "verbond", "heiligmaking", ens. Die kerk durf egter nie hierdie woorde weglaat nie. Dit is onontbeerlik vir sy taal – die taal van die Christelike geloof. Dié woorde sal egter omskryf en aan die hand van bekende beelde aan die gemeente verduidelik moet word. As die gemeente die woorde op so 'n manier, dit wil sê in hulle eie taalwêreld, leer ken, vind daar 'n taalverbreding by hulle plaas, soos Bohren³ aangetoon het. Die prediker sal egter dié woorde eers in die omgangstaal van die groepe in sy gemeente moet vertaal. In die prediking het ons dus die taak om oor God te praat in die omgangstaal van die besondere groepe in ons gemeente. Dit is 'n hoë eis, naamlik dat die preek in die omgangstaal moet geskied terwyl dit ook terselfdertyd 'n besondere vorm van godsdienstige taal is.

In die stad het ons vandag te doen met 'n bonte menigte van gedifferensieerde groepe, wat in waardes, opvattinge, beskouinge

en lewenstyl fyn genuanseerde verskille het. Wie die evangelie effektief wil kommunikeer in die moderne stadsgemeenskap sal hom deeglik moet vergewis van die spesifieke waardes, opvattinge, lewenstyl, ensovoorts van die groep of groepe waaronder hy werk. Bowendien kan die prediker se siening van die evangelie, van waardes, opvattinge, ensovoorts, verskil van sy gemeente s'n. En juis die fyn nuanses kan veroorsaak dat by mekaar verbygepraat word. Ons hét egter die opdrag om die Woord van God, wat deur die woorde van die preek heen ter sprake kom, in die taal en situasie van die gemeente te verkondig.

3. PREDIKING IS DIE KOMMUNIKERING VAN GOD SE WOORD IN DIE TAAL EN SITUASIE VAN DIE GEMEENTE

In die prediking is die prediker in sy optrede intermediêr aan die koms van God in sy Woord na die mense⁴. Natuurlik is dit God wat deur sy Woord en Gees die eerste inisiatief neem en die mens aanspreek in sy situasie. Dit kan ons teologies sê. Maar die prediker is dienaar in die proses. Ons bespreek nou enkele aspekte van die verwoording van die evangelie wat nodig is sodat die preek in die taal en situasie van die gemeente kan spreek.

3.1 Die verstaan van die teks in die konteks van die gemeente

Die eerste stap in die preekvoorbereidingsproses is om die teks te verstaan vir die eie tyd en situasie. Dit is die hermeneutiese taak van die prediker⁵. Die prediker moet heen-en-weer beweeg tussen teks en konteks om albei te verstaan sodat die woorde van die Skrif in die taal en terminologie van die eietydse situasie geformuleer kan word. Pitt-Watson noem hierdie hermeneutiese heen-en-weer "Exegesis of the text and exegesis of life"⁶. Ook hier, in die hermeneutiese arbeid, het ons te make met die kommunikasieprobleem, naamlik om die Bybel se boodskap te verstaan in die leef-, begrips- en denkwêreld van die gemeente. Die boodskap van die teks moet in die terminologie wat in die eie tyd gangbaar is, verwoord word.

Die prediker moet in sy situasie begin. Hy moet sy gemeente se taal, nood, eksistensie ken en verstaan, en gedrenk daarin, moet hy die teks benader. Die eie tyd, in sy taal en terminologie, moet dwarsdeur die worsteling met die teks vasgehou word. Dit is onmoontlik om jou as 't ware los te maak van jou situasie en blanko by die Woord te begin asof jy jou kan verplaas soontoe (die tyd van die teks) en van daar af in die situasie inkom.

Gedrenk in jou eie situasie, en welbewus daarvan, begin jy as prediker die teks eksegetiseer en verstaan. Hierin speel die hele teologiese agtergrond van die prediker 'n rol. Ons kan per slot van

rekening slegs vanuit ons hermeneutiese raamwerk verstaan. Daarom is dit so nodig om te trag om saaklike eksegete te beoefen – wat nie 'n loslating van jou situasie beteken nie.

Runia wys daarop dat die kritiek teen die prediking in die laaste dekades beantwoord is met pogings om die kommunikasiekrag van die preek te versterk. Die *inhoud* van die preek, dit wil sê die egte Bybelse inhoud, is egter van die grootste belang, volgens Runia⁷. In die hermeneutiese proses waarby die eksegete ingesluit is, gaan dit juis daaroor om die inhoud van die teks op 'n verstaanbare wyse binne die taal- en leefwêreld van die huidige mens te verkondig, sodat die vernuwende krag van die evangelie in sy volle werking gestel kan word.

Die prediker kom na die teks gedrenk in sy eie situasie met sy toerusting om die teks uit te lê. Hy is nog subjek en die teks die objek wat verstaan moet word. Sodra hy egter die teks vir sy eie situasie begin verstaan, vind daar 'n omkering van rolle plaas. Die teks begin die prediker aanspreek. Die teks word die subjek en die prediker die objek. Die teks tref die prediker in sy eksistensie. Hy lê die prediker en sy situasie uit. Dit bring die prediker tot 'n diepe belewenis en ontdekking van nuwe insigte. Die teks korrigeer die prediker en sy situasie. Die teks het 'n boodskap vir hom. Dit is die aard van God se Woord om aan te spreek, die mens te oorweldig en sy lewe tot in sy diepste eksistensie te belig. Wanneer die prediker so aangespreek word, is die moontlikheid oopgemaak dat die bewegende Woord van God (God wat die gemeente in die hede tegemoetree) deur die prediker heen tot die hart van die gemeente sal spreek. Wanneer die prediker dus die teks vanuit sy eie situasie benader, is ons daarvan oortuig dat die Woord van God die gemeente vanuit die Skrif verbindend aanspreek. Die verbinding tussen die teks en die hede word so eindelijk deur die aanspreke van God gelê.

Die aard van die mens is om dit wat hy in sy gemoed beleef, te verwoord, onder woorde te bring. As die prediker die teks met sy situasie tegemoetgetree het, as hy teks en situasie in die verstaansproses saamgedink het en aangespreek is deur die teks, begin hy nou te verwoord. Hy verwoord dit wat die teks aan hom sê en doen. En hy kan nie anders as om in sy eie taal, sy eie terminologie, sy eie denk- en leefwêreld te verwoord nie. So vind die verwoording van die boodskap plaas in die taal van die gemeente.

3.2 Die verwoording van die boodskap

Die verwoording vind in die meditasie plaas⁸. Prediking verg taal-kreatiwiteit. Dit is taalskeppende werk⁹. Die prediker moet die boodskap nou in die omgangstaal van sy gemeente verwoord. Prediking is immers ook die woord van iemand wat verstaan en nou ander tot verstaan *van* die Woord van God *deur* die Woord wil bring.

Om die omgangstaal van die gemeente te verwoord, moet die prediker natuurlik die woordeskat, die opvattinge, die leefwêreld en die lewenstyl van sy gemeente ken.

Okke Jager pleit vir poëtiese taal in die sin van egte, beeldryke taal¹⁰. Cliché's is vloeke. Daarom moet afgesaagde uitdrukkings vermy word. 'n Eie geluid waarin die prediker volgens sy eie persoonlikheid uit sy hart praat, is nodig. Ons woorde moet helder, lewenseg en outeniek wees, wat die evangelie in die omgangstaal van die gemeente verkondig. Daarom moet ons ons verbeelding gebruik en twee keer dink voordat ons 'n begrip of 'n woord gebruik. 'n Mens moet voortdurend doelbewus soek na 'n wyse waarop jy beeldryk in die leefwêreld van jou gemeente kan spreek.

Verwoording het ook te make met strukturering. 'n Preek wat vaartbelyn gestruktureer is, kommunikeer beter as gedagtes wat los en vas deurmekaar uitgespreek word. Daar is verskillende wyses waarop gestruktureer kan word. Ek wil hier egter wys op 'n paar preekvorme wat elk op 'n eie wyse die boodskap oordra¹¹.

Die tematiese preekvorm, wat in wese argumentatief is, wil die hoorder met argumente oortuig van die boodskap. Die wyse van kommunikasie in hierdie preekvorm is dus oorreding met argumente. Die hoofgedagte van die teks word tot 'n tema verdig. Die inleiding is 'n inleiding tot hierdie tema en die *partes* of verdelinge wat volg is 'n logiese en argumentatiewe bewys en ontvouing van die tema. Die appèl en slot is 'n laaste toespitsing van die stelling (tema) wat met argumente bewys is. Volgens die model van die klassieke retorika word getrag om die verstand, wil en gevoel aan te spreek met gebruikmaking van allerlei retoriese hulpmiddele – byvoorbeeld die illustrasie, die beeld, die metafoor, die retoriese vraag, ensovoorts. Hierdie preekvorm kan die beste op diskoersstowwe in die Skrif gebruik word.

Die preek as verhaal is 'n preekvorm wat op 'n heel ander wyse die boodskap oordra. Die luisteraars identifiseer met sekere karakters, en deur hul identifikasie met die karakter word die waarheid waarvoor die karakter staan of uitbeeld, oorgedra. Vergelyk byvoorbeeld die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Die verhaal is 'n uitstekende vorm om 'n waarheid tuis te bring. So dien die vertelling in die Ou Testament om die groot waarhede van God se verbond en sy verlossings kragtens sy verbondstrou tuis te bring. Omdat die verhaal werk met alledaagse menslike ervaring, boei dit so uitnemend. Dit is 'n kommunikatiewe vorm wat nie in ons prediking verwaarloos mag word nie. Dit kan verteltekste uitnemend kommunikeer.

Dit is belangrik om vas te stel of die opset van die gemeente waarin gepreek word, sodanig is dat byvoorbeeld argumente goed met hul kommunikeer, of miskien verhale. Tot mense wat elke dag

met hul verstand werk, mag 'n mens dalk goeie toegang met die tematiese preek hê. Die vraag is of die verhalende preek nie beter kommunikeer onder beroepsgroepe wat meer met hul hande werk nie. Die vorme kan natuurlik ook afgewissel word.

Die preek as homilie kommunikeer veral as gesprek. Dit het van die vroegste tyd af verband gehou met 'n gesprek. Paulus het by uitstek deur middel van 'n gesprek gepreek¹². Die homilie, waarin 'n gedeelte hoofsaaklik op 'n analitiese wyse vers vir vers uitgelê word, is by uitstek geskik om op 'n gesprek ná die preek uit te loop. Hierdie preekvorm is geskik vir lerende prediking. Vrae, weerstande teen die inhoud van die teks en bydraende gedagtes kan tot opklaring en helderheid in die gesprek lei. So kan diskommunikasie en misverstande uit die weg geruim word. Hierdie preekvorm pas goed op lerende stof, redevoeringe in die Skrif en briewe.

Goeie verwoording van die preek verg goeie kennis van die gediferensieerde groepe mense in die gemeente. Daarom is dit nodig om op 'n gestruktureerde wyse in gesprek met die gemeente buite die erediens te gaan om sodoende op die hoogte te kom van hul taal-, denke- en leefwêreld.

4. PREEKWERKGROEPE AS 'N MIDDEL OM KOMMUNIKASIE TE VERBETER

Naas die gewone ruimtes waarin die prediker met sy gemeente omgaan en hul leer ken, soos die pastoraat en die kontak op vele ander terreine, is dit tog nodig om in die lig van die stadsamelewing op 'n gestruktureerde wyse hul taal, hul behoeftes, hul opvattinge, ensovoorts te leer ken. Daar was talle eksperimente in Europa in 'n poging om die gemeente te betrek, hul wêreld te leer ken en die prediking daarin te laat geskied. Uit dit alles het daar egter een vorm van gesprek met die gemeente na vore gekom, wat die toets van die tyd deurstaan het en positiewe moontlikhede het. Dit is die sogenaamde preekwerkgroep¹³. Hierdie gesprek lê dan veral op die terrein van die situasie-analise van die gemeente¹⁴.

Tot hierdie situasie-analise kan die preekwerkgroep uit die gemeente, wat saam met die prediker 'n week vóór die preek daarvoor besin, veel bydra. Hulle maak nie die preek nie, die prediker doen dit. Hulle help hom net om hulle te verstaan. Dié groep moet dan bestaan uit mense wat die hele gemeente verteenwoordig, byvoorbeeld die jeug, die vroue, beroepsgroepe, die bejaardes, ensovoorts. So 'n groep moet egter nie uit meer as tien tot twaalf mense bestaan nie. Die deelnemers kan tydens die gesprek die prediker se verkeerde veronderstellinge ten opsigte van die hoorders korrigeer. Die teks word aan hulle voorgelê en hulle siening daarvan kan vir die prediker insiggewend wees. As hy die teks preek, kan hy met hier-

die siening of sieninge rekening hou en op 'n juiste wyse korrigerend te werk gaan. Deur in gesprek met hul te tree oor 'n spesifieke preekteks, kan hy hom vergewis van hul gedagtes, begrippe, ens. oor die teks.

Ná die preek gelewer is, is die terugvoer ("feedback") baie belangrik. Die groep moet dan weer ontmoet word om vas te stel hoedanig die kommunikasie was. So 'n groep sal uiteraard van tyd tot tyd uit verskillende mense saamgestel word en 'n mens kan ook nie elke Sondag so werk nie – miskien een keer 'n maand of selfs elke twee maande. Hierdie soort preekwerkgroep word in Nederland in byvoorbeeld die Gereformeerde kerke met groot vrug gebruik¹⁵.

'n Ander soort preekwerkgroep is deur my voorgestel wanneer 'n prediker 'n ingesetelde opvatting, wat opsigtelik nie met die eis van die evangelie strook nie, wil verander¹⁶. So 'n groep moet uit opinieleiers uit die gemeente bestaan. Navorsing het bewys dat wanneer die opinieleiers in 'n gemeenskap oortuig van 'n saak geraak het, hulle die res van die gemeenskap oortuig¹⁷. Die prediker moet met hulle gaan worstel en hulle op sy pad met die Skrif saamneem wanneer hy oor sulke sake preek. In die kommunikasieproses in so 'n groep mag die opinieleiers oortuig raak van die boodskap van die Skrif, wat volgens algemeen-aanvaarde uitleg van húl opvattinge verskil.

5. 'N VERSOEK AAN DIE TEOLOGIE

Hierdie ondersoek na die hedendaagse prediking in die stad, het ook 'n woord aan die teologie te sê. Dit is 'n versoek wat uit die nood van die worsteling van die predikers in die praktyk gerig word, nl. dat die teologie in sy nadenke oor die evangelie ook die moderne gedifferensieerde stadsamelewing in sy visier sal kry. Die teologie het immers die taak om te luister na die Skrif, om oor te sê wat voorgesê is, maar in die oorsê daarvan die boodskap in die idioom van hierdie tyd te vertolk¹⁸.

Die teologie moet in sy formuleringe die prediker help in sy taalskeppende werk. Daarom is dit so nodig dat die teologie die boodskap van die Skrif ook formuleer in die terminologie van, in hierdie geval, die groot gedifferensieerde groeperinge in die stad. Hiertoe kan die neerslag van die taalskeppende werk van predikers in die prediking as 'n bron van ondersoek en navorsien dien.

6. SLOT

Die prediker in die stad staan voor 'n moeilike opdrag om die Woord van God in 'n taal te verkondig wat die groot wonderdade van God in die leef- en denkwêreld van die verskillende groepe in die stad

lewend en konkreet sal indra. Dit is egter ook 'n opdrag wat 'n opwindende uitdaging kan wees. Mag u almal gedring word deur die drif van 1 Kor. 9:16: "Die dwang is my opgelê, en wee my as ek die evangelie nie verkondig nie!"

Endnotas

1. Alant, CJ. *'n Sosiologiese studie van die betrokkenheid van lidmate by die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Pretoria: CJ Alant, 1972.
2. Fouché, B. *Die vryetydse leesgedrag van Afrikaanssprekende volwassenes in Johannesburg*. D.Litt.- et Phil.-proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
3. Bohren, R. *Predigtlehre*. München: Chr. Kaiser Verlag, 1974.
4. Vgl. Pieterse, HJC. *Die daad by die Woord*. Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1981, p. 147 en pp. 7–13.
5. Vgl. Pieterse, HJC. *Skrifverstaan en prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1979, wat uitvoerig oor hierdie onderwerp handel.
6. Pitt-Watson, I. *A kind of folly. Toward a Practical Theology of Preaching*. Edinburgh: Saint Andrew Press, 1976, pp. 68–71.
7. Runia, K. *Heeft preken nog zin?* Kampen: Kok, 1981, pp. 50–59. 'n Engelse weergawe hiervan, *The sermon under fire*, het pas by Paternoster Press verskyn.
8. Vgl. hiervoor Pieterse, HJC. *Skrifverstaan en prediking*, pp. 113–126; Schütz, W. *Probleme der Predigt*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 1981, pp. 101–104; Hasselmann, N. *Predigthilfen und Predigtvorbereitung*. Gütersloh: Gerd Mohn, 1977, p. 99–108.
9. Vgl. Schütz, W. *op. cit.*, pp. 105–110; Wölber, HO. *Die Predigt als Kommunikation*, in: Gert Hummel (Hrsg), *Aufgabe der Predigt*, Darmstadt, 1971, p. 360; Metger, M. *Die Anleitung zur Predigt*, in Gert Hummel, *op.cit.*, p. 383; Bohren, R. *op.cit.*, p. 74.
10. Jager, Okke. *Eigentijdse verkondiging*. Kampen: Kok, 1967, pp. 105–122.
11. Vgl. Pieterse, HJC. *Sermon Forms*, in: *Journal of Theology for Southern Africa*, 36, September 1981, pp. 10–17. 'n Afrikaanse teks hiervan in *Theologia Reformata*, XXIV (4), Desember 1981, pp. 301–308.
12. Groenewald, EP. *Die tweegesprek as verkondigingsmetode by Paulus*, in: Ned.Georef.Theologiese Tydskrif. Vol. III, nr. 2, 1969, p. 330.
13. Vgl. Runia, K. *op.cit.*, p. 44–46.
14. Vgl. Thomas, J. *Het luistert nauw. Het gesprek over de preek tussen gemeente en predikant*. Kampen: Kok, 1978, p. 74.
15. Vgl. Thomas, J. *op.cit.*; Runia, K. *op.cit.*, pp. 46–48; Pieterse, HJC. *Die daad by die Woord*, pp. 21–22.
16. Pieterse, HJC. *Die daad by die Woord*, pp. 22–23.
17. Vgl. Rogers, EM. *Diffusion and Innovations*. New York: Free Press, 1962.
18. Vgl. Heyns, JA & Jonker, WD. *Op weg met die teologie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1974, pp. 135, 220, 243–248; Eybers, IH, König, A & Stoop, JA. *Introduction to Theology*. Second Edition. Pretoria: DR Church Booksellers, 1978, pp. 19, 24.